



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LANDBOUTEGNOLOGIE

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2014

Hierdie riglyne bestaan uit 12 bladsye.

Inhoudsopgawe

	Bladsy
1. Inleiding	3
2. Gids vir onderwysers	3
2.1 Inleiding	3
2.2 Fases in die vervaardiging van die PAT-projek	4
2.2.1 Fase 1 Ontwerpportefeulje	4
2.2.2 Fase 2 Vervaardigingsproses	5
2.2.3 Fase 3 Finale produk	5
3. Instruksies vir leerders	5
3.1 Inleiding	5
3.2 Kriteria vir die beoordeling van die PAT-projek	6
3.2.1 Fase 1 Ontwerpportefeulje	6
3.2.2 Fase 2 Vervaardigingsproses	6
3.2.3 Fase 3 Finale produk	6
4. Laaibrug	7
4.1 Plan vir 'n dierlaaibrug/laaibank	7
4.2 Stappe vir die vervaardigingsproses van die laaibrug	8
4.3 Materiaallys	8
4.4 Snylys	8
5. Assesseringsrubrieke	9
5.1 Assesseringsrubriek vir die ontwerpportefeulje	9
5.2 Assesseringsrubriek vir die vervaardigingsproses	9
11 5.3 Assesseringsrubriek vir die gehalte van die finale produk	12

1. INLEIDING

Die 17 Nasionale Kurrikulumverklaringsvakke, met 'n praktiese komponent, sluit almal 'n Praktiese Assesseringstaak (PAT) in.

Hierdie vakke is:

- **LANDBOU:** Landboubestuurspraktyk en Landboutegnologie
- **KUNSTE:** Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek en Visuele Kunste
- **HSS:** Lewensoriëntering
- **WETENSKAPPE:** Rekenaartoepassingstegnologie en Inligtingstegnologie
- **DIENSTE:** Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies en Toerisme
- **TEGNOLOGIE:** Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp en Meganiese Tegnologie

Die PAT gee 'n geleentheid waardeur die onderwyser direkte en sistematiese waarnemings kan doen van die toegepaste vaardighede van leerders. Die PAT bestaan uit die toepassing/uitvoering van die kennis, vaardighede en waardes eie aan hierdie vakke.

Die PAT word gedurende die laaste kwartaal van graad 11 en die eerste en tweede kwartaal van graad 12 geïmplementeer en word as een deurlopende taak beskou. Die beplanning en die uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

2. RIGLYNE VIR ONDERWYSERS

2.1 Inleiding

Skole sal aan die begin van die derde kwartaal van Graad 11 van elke akademiese jaar ingelig word oor die lys van moontlike projekte. Dit sal die onderwyser in staat stel om sy/haar beplanning vooruit te doen. Skole sal dan een opsie uit die moontlikes kies.

Die Praktiese Assesseringstaak bestaan uit 'n ontwerpkomponent en 'n vervaardigingskomponent. Die PAT lei tot die ontwerp en ontwikkeling van 'n produk volgens die tegnologiese prosesse. Die taak moet 'n funksionele waarde hê en op alledaagse situasies gebaseer wees, byvoorbeeld die bou van 'n braaiplek, werksbank, nekklamp of waterkrip vir diere, ensovoorts. Die leerders moet met die assesseringskriteria vertrouwd wees voordat hulle met die taak begin.

Die Praktiese Assesseringstaak in graad 12 word ekstern opgestel en gemodereer, maar intern geassesseer. Die projek word onder beheerde toestande afgehandel en word deur middel van 'n rubriek geassesseer.

Die PAT tel 25% van die totale promosiepunte (400) vir die vak in graad 12.

Die PAT tel 100 punte en bestaan uit 'n ontwerpportefeulje (25 punte) en die vervaardigingsproses (50 punte) en finale produk (25 punte).

2.2 FASES IN DIE VERVAARDIGING VAN DIE PAT-PROJEK

Die projek moet oor die volgende drie fases voltooi word.

2.2.1 FASE 1: ONTWERPPORTEFEULJE

Leerders moet die probleem of behoefte in die gekose projek identifiseer, die projek ondersoek, idees genereer en by moontlike ontwerpopslossings uitkom om die produk te maak of te produseer, te evalueer en die oplossing vir die probleem of behoefte te kommunikeer. Die bewyse van hierdie fase setel in die ontwerpportefeulje wat in kwartaal 4 van Graad 11 begin en eindig in Januarie, Graad 12.

Die **ontwerpportefeulje** moet bewyse insluit van hoe die ontwikkeling van die produk benader is, dit is:

- Ontleding en beplanning van die opdrag
- Verwantskap tussen tegnologie, die samelewing en die omgewing
- Sketse, diagramme en berekeninge wat gebruik is, waar van toepassing
- Materiale wat gebruik is
- Algemene veiligheidsmaatreëls
- Kosteberekeninge en materiaallys
- Kennis en vaardighede wat gedurende die vervaardigingsproses verwerf is
- Vervaardigingsprosesse wat gevolg is
- Begin- en eindtyd – hoe lank dit geneem het om te voltooi, van begin tot einde
- Navorsing of ondersoeke gedoen
- Enige ander inligting wat relevant is tot die projek

Die formaat van die portefeulje moet soos volg wees:

Dekblad:	Naam van leerder Naam van skool Eksamennommer Jaar
Inhoudsopgawe:	Opdrag Beplanning/Navorsing Ontwerpsketse Materiaallys Kosteberekeninge Bronnelys Enige ander inligting

Kriteria vir die assessering van die ontwerpportefeulje (25 punte):

- Ontleding van die probleem
- Verwantskap tussen tegnologie, die samelewing en die omgewing
- Vermoë om idees te genereer
- Verskaffing van 'n oplossing
- Sketswerk (afmetings, sweissimbole, skaal en projeksiesimbool)
- Materiaal, gereedskap en toerusting wat gebruik is
- Algemene veiligheidsmaatreëls
- Kosteberekeninge en materiaallys
- Bewys van vergelykings tussen verskillende prosesse, vaardighede en materiale
- Aanbieding van portefeulje

2.2.2 FASE 2: VERVAARDIGINGSPROSES

Leerders bou die werklike produk of artefak aan die begin van Februarie kwartaal 1 en handel dit af aan die einde van kwartaal 2, graad 12. Indien die ontwerpopplossing hom nie leen tot 'n volskaalse artefak nie, kan 'n skaalmodel of 'n voorstelling vervaardig word. Maar, in die laasgenoemde geval, word van die leerder verwag om vol grootte afdelings te voorsien wat konstruksie besonderhede, insluitend afwerking aantoon. 'n Model kan die konteks waarin die produk gebruik word aandui.

Kriteria vir die beoordeling van die vervaardiging van die produk (sigbare moderering) (50 punte):

- Veilige hantering en versorging van gereedskap/toerusting.
- Vaardighede met betrekking tot die gebruik en instandhouding van gereedskap en toerusting.
- Kennis van materiale om probleme op te los.
- Toepassing van verskillende prosesse en tegnieke.
- Vaardighede in die toepassing van prosesse.

2.2.3 FASE 3: FINALE PRODUK:

Leerders lê die produk of artefak vir assessering aan die einde van die tweede kwartaal voor. Die gepaardgaande beplanning wat in fase 1 gedoen is (ontwerpportefeulje), moet ook in hierdie tyd ingedien word.

Kriteria vir die assessering van die gehalte van die finale produk (25 punte):

- Die probleem/behoefte. Die produk voldoen aan die doel waarvoor dit ontwerp is en toon innovering wat toepaslik is vir die probleem.
- Afmetings en mates van die finale produk.
- Voorkoms: Afwerking. Dit sluit vyl, skuur, slyp en verf in.
- Funksionaliteit van die finale produk. Funksioneer dit behoorlik?
- Tydbestuur. Is die produk klaar?

3. INSTRUKSIES VIR LEERDERS

3.1 Inleiding

Die artefak wat leerders gaan vervaardig sal bestaan uit ongeveer 60% van die prosesse wat in die teoretiese werk gedurende die jaar gedoen is. Hierdie prosesse bestaan uit verskeie take wat op die plaas uitgevoer kan word. Die leerders gebruik dus hul vaardighede en kennis in Landboutegnologie om hierdie projek te onderneem.

Neem asseblief kennis dat die ontwerpportefeulje vir graad 12 in kwartaal 4 van graad 11 moet begin en moet klaar wees aan die einde van Januarie in graad 12. Die vervaardigingsproses moet aan die einde van die tweede kwartaal voltooi wees. Die assessering sal in die derde kwartaal gedoen word.

3.2 KRITERIA VIR DIE ASSESSERING VAN DIE PAT-PROJEK

3.2.1 DIE ONTWERPPORTEFEULJE (25 PUNTE)

Die kriteria vir die assessering van die ontwerpportefeulje (25 punte) is:

- Ontleding van die probleem
- Verwantskap tussen tegnologie, die samelewing en die omgewing
- Vermoë om idees te genereer
- Verskaf 'n oplossing
- Sketse (afmetings, sweissimbole, skaal en projeksiesimbool)
- Materiaal, gereedskap en toerusting
- Algemene veiligheidsmaatreëls
- Kosteberekeninge en materiaallys
- Bewyse van vergelykings, bv. verskillende prosesse, vaardighede en materiale
- Portefeuljeaanbieding

3.2.2 VERVAARDIGINGSPROSES (50 PUNTE)

Kriteria vir assessering tydens die vervaardiging van die produk (sigbare moderering):

- Veilige hantering en versorging van gereedskap/toerusting
- Vaardighede met betrekking tot die gebruik en instandhouding van gereedskap en toerusting
- Kennis van materiale om probleme op te los
- Toepassing van verskillende prosesse en tegnieke
- Vaardighede in die toepassing van prosesse


3.2.3 KWALITEIT VAN DIE FINALE PRODUK (25 PUNTE)

Kriteria vir die assessering van die gehalte van die finale produk:

- Die oplos van die probleem/behoefte. Die produk voldoen aan die doel waarvoor dit ontwerp is en toon innovering wat toepaslik is vir die probleem.
- Afmetings en mates van die finale produk.
- Voorkoms: Afwerking. Dit sluit vyl, skuur, slyp en verf in.
- Funksionering van die finale produk. Funksioneer dit behoorlik?
- Bestuur van tyd. Is die produk klaar?

4. LAAIBRUG/LAAIBANK

4.1 PLAN VIR 'N DIERELAAIBRUG/LAAIBANK



4.2 STAPPE IN DIE VERVAARDIGINGSPROSES VAN DIE LAAIBRUG

• STAP 1: RAAMWERK

- Teken die een kant van die raam op 'n plat betonoppervlak, soos aangedui op die ontwerp-tekening.
- Sny die dwarsbalke en pale soos aangedui op die materiaal- en snylys.
- Lê die horisontale pype en die hoekpale op die tekening en puntsweis die laste.
- Maak seker dat die laste goed pas, sonder gapings.
- Kontroleer vir akkuraatheid en haaksheid en voltooi die sweislasse.
- Maak alle sweislasse behoorlik skoon.

STAP 2: LAS DIE TWEE KANTE VAN DIE LAAIBRUG

- Sweis die dwarsbalke aan beide kante van die laaibrug.
- Kontroleer vir akkuraatheid en haaksheid en voltooi die sweislaste.
- Maak die gelaste area glad met 'n hoekslyper as dit nie glad genoeg is nie.
- Maak die sweislasse skoon.

STAP 3: ONDERSTE PLAAT OF LOOPAREA

- Sweis 'n 2 mm-metaalplaat op die loopoppervlakte van die laaibrug.
- Sweis hoekysters met 'n 15 cm-spasiëring op die loopoppervlakte. Dit sal verhoed dat diere gly wanneer hulle teen die oprit oloop.
- Maak die gesweiste area skoon met 'n hoekslyper indien die gesweiste gebied nie glad genoeg is nie.
- Maak die sweislasse skoon.

STAP 4: AFWERKING

- Wiele of kantstutte kan aangebring word indien verkies.
- 'n Driepunthegmeganisme kan aangebring word om die laaibrug met behulp van 'n trekker te verskuif.
- Verf alle dele met 'n roesbestande verf.

4.3 MATERIAALLYS

1. Vierkantpyp 100 mm x 100 mm (84 meter = 14 x 6 m lengtes)
2. Hoekyster 50 mm x 50 mm (12 meter = 2 x 6 m lengtes)
3. Plaatmetaal 2 mm x 975 mm x 3 800 mm
4. Sweisstawe soos vereis
5. Slypskywe vir slypmasjien
6. Slypmasjiensnyskywe
7. Verf
8. Twee wiele soos nodig
9. Driepunthegmeganisme soos vereis

4.4 SNYLYS

1. Sny 14 horisontale pype met afmetings van 100 mm x 3 600 mm.
2. Sny 2 pale met afmetings van 100 mm x 2 800 mm.
3. Sny 2 pale met afmetings van 100 mm x 1 600 mm.
4. Sny 10 dwarsbalke met afmetings van 100 mm x 775 mm.
5. Sny 12 hoekysters met afmetings van 50 mm x 975 mm.
6. Sny 'n metaalplaat met afmetings van 2 mm x 975 mm x 3 800 mm.

5. ASSESSERINGSRUBRIEK

5.1 ASSESERINGSRUBRIEK VIR DIE ONTWERPPORTEFEULJE

Naam van kandidaat: _____

Skool/Eksamensentrum: _____

Graad: _____

Datum: _____

ONTWERP- PORTEFEULJE	VERVAARDIGINGSPROSES	KWALITEIT VAN DIE PRODUK	TOTAAL	NAAM VAN ASSESSOR	NAAM VAN EKSTERNE MODERATOR
/25	/50	/25	/100		

5.1 RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE ONTWERPPORTEFEULJE

KRITERIA	1	2	3	4	5	MOONTLIKE PUNT	PUNT BEHAAL
Bepannings- vaardighede: Analisering en diagnose	Toon geen poging om informasie te identifiseer en in te samel om die gegewe probleem/behoefte mee te analiseer nie.	Toon 'n poging om relevante inligting te identifiseer en in te samel, om die gegewe probleem/behoefte mee te analiseer.	Identifiseer die gegewe probleem korrek en kollekteer relevante informasie om die gegewe probleem/behoefte mee te analiseer.	Analiseer die gegewe probleem korrek en toon tekens van die gebruik van 'n wye reeks inligtingsbronne om die probleem/behoefte te verstaan.	Identifiseer die gegewe probleem/behoefte korrek en gebruik 'n verskeidenheid ondersoek-strategieë om relevante inligting in te samel wat help met die ontwikkeling en ontwerp van innoverende idees.	5	
Verwantskap tussen tegnologie, samelewing en die omgewing	Wend geen poging aan om die verwantskap te oorweeg nie.	Bewustheid van die verwantskap is gedemonstreer.	Bewustheid en kennis van die verwantskap is gedemonstreer.	Toepassing en kennis van aspekte van die verwantskap.	Toepassing en kennis van aspekte van die verwantskap en die implementering van voorkomingsmaatreëls.	5	
Genereer idees	Noem 'n paar idees.	Toon geringe bewustheid van alternatiewe idees.	Bied geringe alternatiewe met 'n beperkte beredenering van keuses.	Gebruik oorspronklike en kreatiewe idees en kies die geskikste opsie.	Genereer 'n briljante verskeidenheid van alternatiewe en innoverende idees. Die opsie wat gekies word, word goed geregverdig met duidelike skakels met die ontwerp.	5	
Oplossing	Poog om met beperkte ontwerpsketse en 'n paar spesifikasies vorendag te kom. Beperkinge rakende die gegewe probleem.	Poog om met ontwerp-sketse en beperkte spesifikasies vorendag te kom. Beperkinge rakende die gegewe probleem.	Voorsien ontwerpsketse en 'n verskeidenheid van spesifikasies en beperkinge rakende die gegewe probleem.	Voorsien briljante ontwerpsketse en 'n lys van relevante spesifikasies en beperkinge t.o.v. die gegewe probleem.	Voorsien briljante innoverende ontwerpsketse wat uitstekend goed geformuleer is en definieer die behoefte volgens die gegewe probleem.	5	

Sketse	Voorsien irrelevante sketse wat beperkte tekensvaardighede demonstreer.	Voorsien beperkte relevante sketse met inkorrekte lyne en/of verkeerde simbole.	Voorsien relevante sketse met korrekte lyne en simbole.	Voorsien sketse met korrekte lyne en simbole verwant tot die gegewe probleem.	Voorsien briljante sketse volgens die gegewe probleem. Konsidereer moontlike oplossings.	5	
Materiaal-, gereedskap- en toerustinglys	Poog om 'n beperkte lys van materiaal, gereedskap en toerusting te voorsien.	Voorsien 'n verkeerde of onvoldoende lys van materiaal, gereedskap en toerusting.	Voorsien 'n lys van relevante materiaal, gereedskap en toerusting.	Voorsien 'n lys met 'n verskeidenheid van relevante materiaal, gereedskap en toerusting benodig.	Voorsien 'n lys van die mees relevante materiaal, gereedskap en toerusting benodig in 'n kreatiewe formaat.	5	
Algemene veiligheid	Poog om veiligheidsregulasies in ag te neem.	Toon beperkte bewustheid van veiligheidsregulasies.	Toon bewustheid, kennis en toepassing van veiligheidsregulasies.	Toon bewustheid, kennis en toepassing van veiligheidsregulasies rakende verskeie situasies.	Toon bewustheid, kennis en toepassing van veiligheidsregulasies rakende alle moontlike situasies en neem voorkomende maatreëls in ag.	5	
Kosteberekening en materiaallys	Voorsien 'n materiaallys met geen berekeninge nie.	Poog om kosteberekeninge te doen. Gebruik verkeerde eenhede, data en materiaallys.	Voorsien kosteberekeninge. Gebruik korrekte eenhede en data gekollekteer, sonder inagneming van beperkinge.	Voorsien kosteberekeninge. Gebruik korrekte eenhede en data gekollekteer en oorweeg beperkinge.	Voorsien kosteberekeninge. Gebruik korrekte eenhede en data gekollekteer en oorweeg relevante beperkinge.	5	
Vergelykings	Geen vergelykings	Swak vergelyking van een proses	Vergelyking van verskillende prosesse, vaardighede en materiale	'n Deeglike vergelyking van verskillende prosesse, vaardighede en materiale	'n Deeglike vergelyking van verskillende prosesse, vaardighede en materiale en kom tot 'n gevolgtrekking	5	
Portefeulje-aanbieding	Die portefeulje is onvoltooid en swak georden en voorberei.	Die portefeulje is voltooi maar swak georden en voorberei.	Die portefeulje is voltooi en voldoende georden en voorberei.	Die portefeulje is voltooi en goed aangebied.	Die voltooide portefeulje-aanbieding toon 'n hoë vlak van innovering en kreatiwiteit.	5	
TOTALE PUNT						50 ÷ 2 = 25	

5.2 RUBRIEK VIR ASSESSERING VAN KONSTRUKSIEPROSES							
KRITERIA	1	2	3	4	5	MOONT-LIKE PUNT	PUNT BEHAAL
Veilige hantering van gereedskap/toerusting (sigbare moderering)	Demonstreer bewustheid van veiligheidsmaatreëls.	Demonstreer bewustheid en kennis van beperkte veiligheidsmaatreëls.	Demonstreer voldoende kennis en bewustheid van toepaslike veiligheidsmaatreëls.	Demonstreer voldoende kennis en bewustheid van alle toepaslike veiligheidsmaatreëls.	Demonstreer voldoende kennis en bewustheid van alle toepaslike veiligheidsmaatreëls en pas voorkomende maatreëls toe.	5	
Vaardighede met betrekking tot die hantering en versorging van gereedskap en toerusting (sigbare moderering)	Demonstreer beperkte kennis en vaardighede verwant aan die gebruik van toerusting en gereedskap.	Demonstreer beperkte kennis en vaardighede verwant aan die gebruik van gereedskap, toerusting en huishouding.	Demonstreer voldoende kennis en vaardighede verwant aan die gebruik van gereedskap en toerusting en toon tekens van huishouding.	Demonstreer voldoende kennis en vaardighede verwant aan die gebruik van gereedskap en toerusting en goeie huishouding.	Demonstreer voldoende kennis en vaardighede verwant aan die instandhouding en gebruik van gereedskap en toerusting en briljante huishouding.	5	
Kennis van materiale	Toon beperkte agtergrondkennis van materiale gebruik.	Toon beperkte kennis van materiale en hulle eienskappe.	Toon voldoende kennis van materiale en hulle eienskappe en konsepte.	Toon voldoende kennis van materiale en hulle eienskappe, konsepte en beginsels.	Toon voldoende kennis van materiale en hulle eienskappe, konsepte en beginsels om probleme op te los.	5	
Prosestegnieke	Demonstreer beperkte kennis van verkeerde tegnieke gebruik.	Demonstreer beperkte kennis van tegnieke gebruik.	Demonstreer voldoende kennis van korrek geselekteerde tegnieke.	Demonstreer voldoende kennis om relevante geselekteerde tegnieke korrek toe te pas.	Demonstreer voldoende kennis om relevante geselekteerde tegnieke korrek toe te pas. Oorweeg moontlike beperkinge.	5	
Vaardighede gebruik in prosesse (sigbare moderering)	Demonstreer beperkte kennis van vaardighede benodig.	Demonstreer 'n bietjie kennis van vaardighede benodig.	Demonstreer voldoende kennis van vaardighede benodig.	Demonstreer voldoende kennis van vaardighede benodig en oorweeg 'n paar beperkinge.	Demonstreer voldoende kennis van vaardighede benodig en oorweeg relevante beperkinge.	5	
TOTALE PUNT						25x2 = 50	

5.3 RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE GEHALTE VAN DIE FINALE PRODUK							
KRITERIA	1	2	3	4	5	MOONT- LIKE PUNT	PUNT BE- HAAL
Spreek die probleem/ behoefte aan.	Die produk is nie voltooi nie. Die voltooide produk het 'n gebrek aan detail en maak interpretasie moeilik.	Die produk is klaar maar spreek geensins die probleem of behoefte aan nie.	Die produk is klaar en spreek die probleem of behoefte gedeeltelik aan.	Die produk vervul die doel waarvoor dit ontwerp is, maar toon geen ware tekens van innovering in die oplossing tot die identifisering van die probleem of behoefte nie.	Die produk vervul die doel waarvoor dit ontwerp is en toon innovering wat van toepassing is op die identifisering van die probleem of behoefte.	5	
Afmetings en mate van die finale produk	Afmetings verskil duidelik van oorspronklike ontwerp. Toon geen akkuraatheid in die maak van korrekte mates nie.	Afmetings verskil van oorspronklike ontwerp maar toon beperkte poging in die maak van korrekte mates.	Sommige afmetings verskil van oorspronklike tekeningontwerp. Beter akkuraatheid en moeite word getoon in die maak van korrekte mates.	Afmetings verskil effens van oorspronklike ontwerp. Toon baie meer akkuraatheid en moeite in die maak van korrekte mates.	Maatskrywings en afmetings korreleer korrek met oorspronklike ontwerp.	5	
Voorkoms: Afwerking. Vyl, skuur, slyp en verf	Geen afwerking. Geen verf, skuur of vyl. Toon min moeite om die voorkoms aanvaarbaar te maak.	Produk se voorkoms nie aanvaarbaar nie a.g.v. beperkte afwerking.	Produk se voorkoms meer aanvaarbaar a.g.v. beperkte afwerkingsmetodes wat gebruik is.	Produk se voorkoms meer aanvaarbaar a.g.v. goeie afwerking maar geen verf.	Produk se voorkoms is uitstekend en toon 'n hoë vlak van innovering en kreatiwiteit.	5	
Funksionaliteit van die produk. Funksioneer dit doeltreffend?	Die produk is nie klaar nie en funksioneer glad nie.	Die produk is klaar maar dit is nie funksioneel nie. Toon geen nuwe verbeterings en geen innovasie nie.	Die produk is klaar, en funksioneer. Toon geen nuwe verbeterings en geen innovering nie.	Die produk is klaar, funksioneer goed en toon 'n paar nuwe verbeterings en 'n bietjie innovering.	Die produk is klaar, funksioneer baie goed en toon baie nuwe verbeterings en 'n baie hoë vlak van innovering.	5	
Bestuur van tyd	Baie min tekens van tydsbestuur.	Demonstreer beperkte gevoel van tydsbestuur maar beplanning nie realities.	Tekens van realitiese tydsbestuur in beplanning maar hou nie by die beplanning nie.	Bestuur tyd goed volgens die oorspronklike plan.	Bestuur tyd uitstekend. Oorweeg alternatiewe volgens die oorspronklike plan.	5	
TOTALE PUNT						25	